# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

***… waar kind nog kind kan wees …***

14/2023

9 Mei 2023

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

*Só gaan ons nie sport in Mikro verbeter nie.* Tans word daar vanuit die sportkantoor en deur die sporthoofde baie moeite gedoen om ekstra wedstryde te reël, om busvervoerreëlings deur te gee en om leerders aan te moedig om deel te neem. Daar is egter sommige ouers wat dit werklik baie moeilik maak vir die afrigters.

Met die reëlings vir een sportaktiwiteit verlede week het die volgende gebeur: Meer as 10 spelers se ouers het glad nie aangedui of hul kind wel van busvervoer gebruik wil maak nie - dit nadat daar in die Mikrofokus en ook verskeie kere op die groepe versprei is dat hulle asb. die inligting betyds vir ons moet voltooi. Dit is uitgesluit 12 kinders wie se ouers die vorms verkeerd ingevul het, wat tot gevolg gehad het dat busgetalle heeltemal verkeerd deurgegee is. Ons moes toe dringend ander vervoer vir dié kinders reël. Op kort kennisgewing, óp die wedstryddag, het 'n hele paar ouers vir afrigters laat weet hul kind kan nie meer speel nie, sonder geldige redes. Die afrigters moes toe in skooltyd 'n plan maak om die span weer vol te maak (dit nadat wedstrydbriewe reeds lank voor die tyd uitgegee is).

*Só gaan ons nie sport in Mikro verbeter nie.* Spelers wat sonder 'n geldige verskoning, oefeninge of wedstryde misloop, loop die gevaar om nie vir die volgende wedstryd gekies te word nie - almal sal meer toewyding aan die dag moet lê.

Môre (Woensdag, 10 Mei 2023) vind die beheerliggaamtussenverkiesing in die skool se voorportaal plaas. Bring asb. u identiteitsdokument saam en kom stem op een van die volgende tye:

07:00 – 08:30; 12:00 – 15:00 of 17:00 – 19:00. Ons benodig 'n kworum van 164 ouers om te kom sodat dit 'n geldige verkiesing kan wees. Dankie vir almal se samewerking.

Hoe wil ons hê moet ons sportspanne lyk wanneer hulle op die baan gaan of op die veld draf? **Netjies en eenvormig om 'n goeie beeld van ons skool uit te dra.** Daarom verbied ons die dra van enige "second skins" (langmoutops) onder wedstryddrag. Indien 'n speler koud kry, kan daar met 'n baadjie/opwarmingstop opgewarm word, maar as die wedstryd begin, het ons net ons wedstryddrag aan. Sodoende kan ons almal trots wees op hoe Mikro se sportspanne lyk.

**Die WAARDE van Meimaand: OPREGTHEID**

OPREGTHEID is…
Om eerlik te wees.
Om op te tree soos wie JY werklik is.
Om nie voor te gee nie.

Moenie 'n akteur wees en 'n masker dra van iemand wie jy nie is nie. Laat mense die WARE JY sien! In die Bybel in 1 Joh. 3:18 staan die volgende geskryf:

*"Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."*

Bespreek gerus hierdie WAARDE met u kind!

## 2. BOELIEGEDRAG

Dit is ons almal se wens dat elke leerder elke dag gelukkig by die skool sal wees. Daarom moet daar onverwyld deur die personeel opgetree word indien daar enige vorm van boelie-aksie (verbaal/fisies) opduik.

**LET WEL: Insidente tussen kinders vind daagliks plaas. Ons moenie geïsoleerde insidente wat nou en dan tussen kinders gebeur onmiddellik as boeliegedrag identifiseer nie. Wanneer een kind egter aanhoudend 'n ander kind op 'n onaanvaarbare wyse teiken, dit aangespreek word, maar daar is steeds geen verbetering/verandering nie, kan ons dit as boeliegedrag beskou.**

### a) Aanmelding:

Enige ouer/leerder kan dit by enige onderwyser aanmeld wat verplig is om:

- ➔ Self die aanmelding te ondersoek, of
- ➔ te verwys na die adjunkhoof/skoolhoof wat so spoedig moontlik aandag moet skenk
- ➔ meld dadelik aan, moenie te lank wag nie

### b) Prosedure met betrekking tot moontlike oplossing:

- ➔ 'n Gesprek met die leerder wat aangemeld het en die beskuldigde/s en getuies (indien nodig).
- ➔ Indien nie die gewenste uitwerking, moet die situasie in die skoolhoof se kantoor hanteer word.
- ➔ Insidente moet skriftelik aangeteken word (kan op verskeie wyses/platforms geskied).
- ➔ Na gelang van die erns van die saak kan die volgende rolspelers betrokke raak:
    - ➢ skool se maatskaplike werker
    - ➢ ouers van die betrokke leerders
    - ➢ ander professionele hulp bv. opvoedkundige sielkundige
- ➔ Terugvoering aan die aanmelder deur die ondersoeker moet so gou as moontlik plaasvind.

### c) Monitering:

'n Moniteringsproses (opvolgwerk) deur klasonderwyser en/of skool se maatskaplike werker en/of skoolhoof of adjunkhoof moet geskied.

### d) Dissiplinêre aksie:


Dissiplinêre stappe (dissiplinêre inskrywing/detensie/dissiplinêre gesprek voor senior bestuurspanlede/ dissiplinêre gesprek voor beheerliggaam dagbestuur/ dissiplinêre verhoor) moet oorweeg word indien geen van bogenoemde aksies oor 'n tydperk die gewenste uitwerking het nie.

Raadpleeg gerus die huiswerkboekie vir 'n opsomming van ons skoolreëls.

## 3. <u>SPORTPROGRAM:</u>  9 MEI 2023 – 13 MEI 2023





Hier is die week se sport program:

Woensdag, 10 Mei 2023:

- Rugby teen Hendrik Louw (Tuis)
- Netbal teen Bellpark (Tuis)
- Netbal o.7 - o.9C en D-spanne teen Gene Louw (Weg)

Donderdag, 11 Mei 2023:
Hokkie teen Durbanville

- Seuns (Tuis)
- Dogters (Weg)
  - o.7 - o.9 by Durbanville Voorbereiding
  - o.10 - 0.13 by L/S Durbanville

Vrydag, 12 Mei 2023:

- Skaak teen Curro Brackenfell (Weg)
- Landloop by Hoopenberg
- Hokkie o.11's by Curro Durbanville



Saterdag, 13 Mei 2023:

- Worcester-Noord Sportdag (Weg)
  - Hokkie
  - Rugby
  - Netbal

## 4. <u>RACHELLE BEST</u>

Op Dinsdag, 23 Mei 2023 kom Rachelle Best ons skool besoek. Sy is 'n kenner op die gebied van sosiale media. Sy gaan ons kinders leer om meer paraat te wees as hulle aanlyn gaan. Sy gaan tydens skooltyd met ons leerders gesels. Die aand om 18:30 kom sy met Mikro se ouers gesels. Moenie hierdie geleentheid misloop nie! Hierdie geleentheid word ***GRATIS*** aangebied en beloof om u te bemagtig op 'n gebied waar u kind uitgelewer is aan 'n soms wrede aanlyn-wêreld.

Teken hierdie datum asb. vroegtydig in u dagboek aan. Vir meer navrae, kontak gerus vir Leana Sutherland (Maatskaplike werker) by lsutherland@laerskoolmikro.co.za.

## 5. <u>MYSCHOOL MOEDERSDAG: VOORGESTELDE KOMMUNIKASIE VIR SOSIALE MEDIA</u>

***'n Ma hou haar kinders se hand net vas vir 'n rukkie, maar hulle harte vir ewig…***

🌺 **Gelukkige Moedersdag** aan ons aller-allerbeste Ma's!
🌺 Dankie vir 'n leeftyd se liefde, ondersteuning en omgee ❤️

MySchool MyVillage MyPlanet se besigheidsvennote is gereed om ons spesiale Ma's met al hul gunstelinge 🍫🎁🌷 te bederf.



❤️ [https://www.woolworths.co.za/dept/Mother-s-Day/_/N-x5y0zo](https://www.woolworths.co.za/dept/Mother-s-Day/_/N-x5y0zo)
❤️ [www.loot.co.za](www.loot.co.za)

Nog nie 'n MySchool-ondersteuner nie? Laai die MySchool MyVillage MyPlanet 'App' af vir 'n virtuele kaart or sluit maklik aan by [https://www.myschool.co.za/portal/register](https://www.myschool.co.za/portal/register)

Laat elke transaksie tel - ***saam*** maak ons 'n verskil! 🌈

#Moedersdag #Mothersday #MakeADifference #MakingADifferencewithMySchool #MySchoolMyVillageMyPlanet #25YearsofImpactwithMySchool #MySchool25years

Voorspoed vir die week.

**L. Mouton**
**SKOOLHOOF**

## BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.









Netjiese 3 slaapkamer huis te huur naby Laerskool Mikro.
Beskikbaar vanaf 01 Junie 2023
R15 000p/m
Navrae:  ELZAHN VAN AARDE
084 522 7707









◄ April | **Mei 2023** | June ►

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1<br>VAKANSIEDAG (WERKERSDAG) | 2<br>TIE Eisteddfod (Begin datum) | 3<br>Rugby : Aristea (w) en Bellville (w)<br>Netbal: Bastion (w)<br>Boekbuddies<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn begindatum) | 4<br>Hokkie: Brackenfell<br>Seuns: Weg<br>Dogters: Tuis | 5 Landloop: Wedloop 2<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.10 (w) | 6<br>***Ma-en-Dogteroggend***<br>Bergfiets (w) |
| 7 | 8<br>Netbal: De Kuilen (T)<br>Leerderraad: Liefdadigheidsprojek<br>Boekeweek | 9<br>Boekeweek | 10<br>Rugby : Hendrik Louw (T)<br>Netbal: Bellpark (T)<br>Netbal :Gene Louw (W)<br>**Tygerberg Eisteddfod (Senoirkoor)**<br>Boekeweek | 11<br>Hokkie: Durbanville<br>Seuns: Tuis<br>Dogters: Weg<br>Boekeweek | 12 Landloop: Wedloop 3<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.11 (w)<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn einddatum)<br>Skaak:Curro Brackenfell (W)<br>Boekeweek | 13<br>Worcester-Noord Sportdag (w)<br>Rugby, Netbal, Hokkie |
| 14 Mother's Day | 15 | 16 | 17<br>Rugby : Welgemoed (w) | 18<br>Hokkie: Curro Durbanville<br>Seuns: Weg<br>Dogters: Tuis<br>TIE Eisteddfod (Einddatum)<br>Hemelvaart | 19 Landloop: Wedloop 4<br>Pinkster<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.13 (w)<br>***Mikro Gholfdag*** | 20<br>Bergfiets (w)<br>Stellenbosch Eisteddfod |
| 21 | 22<br>Pinkster | 23<br>Rachelle Best Sosiale Media | 24<br>Pinkster<br>Netheidskontrole<br>Rugby : Curro Durbanville(T)<br>AMESA (Gr. 4-7) | 25<br>Pinkster | 26 Landloop: Wedloop 5<br>Pinkster | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31<br>Graad 5 Uitstappie (5.1 en 5.2)<br>Gekontroleerde toets (Gr.7) | Notes: | | |

**BLOU- DATUMS HET BYGEKOM**
**ROOI- DATUMS HET VERANDER**

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.***